


Graan SA Oggend Markkomentaar

	DATUM		DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2017/07/20		2017/07/19			2017/07/10		2017/06/19		2016/07/18	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	
DJIA-index	21641	66.02	0.3%	21575	1.1%	21414	1.2%	21384	16.8%	18533	
Goud (Spot)	1238.78	-0.73	-0.1%	1239.51	2.3%	1211.04	-1.0%	1251.91	4.9%	1330.07	
Brent \$/vat	49.55	1.02	2.1%	48.53	5.9%	46.78	5.0%	47.18	5.9%	46.78	
1 € / US\$	1.1510	-0.002	-0.2%	1.1533	0.9%	1.1406	2.8%	1.1192	3.9%	1.1074	
1 US\$ / ZAR	12.95	0.030	0.2%	12.92	1.9%	13.34	1.1%	12.81	5.4%	14.29	
Corn	R 1 947.49	-72	-3.6%	R 2 019.27	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day						
Wheat	R 2 393.43	9	-0.4%	R 2 402.13	*CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day						
Soybeans	R 4 753.55	-27	-0.6%	R 4 780.52	*CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day						
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)											
Corn Jul 17	382.00	-15.00	-3.8%	397.00	0%	382.00	2%	375.25	0%	380.25	
Wheat Jul 17	503.00	-3.00	-0.6%	506.00	-2%	515.00	3%	467.00	0%	502.00	
Soybeans Jul 17	999.00	-8.00	-0.8%	1007.00	0%	996.00	7%	937.75	-4%	1041.75	
Sorghum Dec '17	3170.00	-4.00	-0.1%	3174.00	17.4%	2700.00	17.4%	2700.00	-0.9%	3200.00	
WMAZ Spot	1844.00	0.00	0.0%	1844.00	-0.5%	1854.00	6.7%	1728.00	-58.9%	4485.00	
WMAZ Sept 17	1880.00	-3.00	-0.2%	1883.00	-1.2%	1903.00	4.3%	1802.00	-58.4%	4515.00	
WMAZ Dec 17	1953.00	-4.00	-0.2%	1957.00	-1.3%	1979.00	4.3%	1872.00	-57.0%	4544.00	
YMAZ Spot	1957.00	-11.00	-0.6%	1968.00	-1.0%	1976.00	4.7%	1870.00	-41.5%	3348.00	
YMAZ Sept 17	1991.00	-13.00	-0.6%	2004.00	-1.8%	2027.00	3.6%	1921.00	-41.1%	3378.00	
YMAZ Dec 17	2072.00	-8.00	-0.4%	2080.00	-1.4%	2101.00	4.1%	1990.00	-39.7%	3434.00	
SOY Spot	4762.00	-14.00	-0.3%	4776.00	-1.3%	4826.00	4.1%	4575.00	-33.4%	7150.00	
SOY Sept 17	4832.00	-16.00	-0.3%	4848.00	-1.9%	4926.00	4.5%	4623.00	-33.2%	7235.00	
SUN Spot	4649.00	-55.00	-1.2%	4704.00	-1.6%	4726.00	1.9%	4564.00	-22.3%	5980.00	
SUN Sept 17	4763.00	-46.00	-1.0%	4809.00	-1.2%	4872.00	1.1%	4711.00	-21.7%	6080.00	
WHEAT Spot	4587.00	17.00	0.4%	4570.00	4.3%	4397.00	3.0%	4453.00	0.6%	4560.00	
WHEAT Dec 17	3855.00	6.00	0.2%	3849.00	2.0%	3779.00	2.9%	4184.00	-15.6%	4569.00	
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE											
<p>Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.93/\$, wat relatief onveranderd is vanaf gister-middag se R12.92/\$ met marksluiting. Die rand verhandel tans redelik stabiel teen hierdie vlakke, onder R13/\$ en het die laaste ruk goeie ondersteuning gevind, hoofsaaklik as gevolg van internasionale gebeure wat 'n verswakking van die dollar veroorsaak het. Alhoewel die rand relatief stabiel verhandel die laaste week, is daar wel faktore wat steeds die rand volatiel hou en die rand kan dus skerp reageer op plaaslike en/of internasionale faktore. Statistiek SA het gister die inflasiesyfers vir Junie bekend gemaak en aangetoon dat daar 'n verlangsame van die inflasie was vir Junie. Die Junie inflasiesyfer is op 5.1% gerapporteer teenoor die 5.4% in Mei. Die inflasiekoers wat verlangsamer, is binne die SARB se teikenvlak van tussen 3% en 6% en kan aan die SARB spasie gee vir maontlike rentekoersdalings. Die bank maak vandag hul rentekoersbeslissing bekend en die verwagting is dat die bank steeds die rentekoerse onveranderd behoort te laat ten spyte van die laer inflasiesyfers. Daar is verskeie ander politieke en ekonomiese onsekerhede wat die bank sal dophou voor die rentekoerse behoort te verlaag. 'n Maontlike verlaging in die rentekoerse kan egter meer waarskynlik met die volgende sitting van die beleidskomitee verwag word eerder as vandag.</p> <p>Mielies: Die Amerikaanse mielieprys het ongeveer 5 sent sterker afgesluit gister met die nuwe seisoen Desember kontrak wat bo belangrike bewegende gemiddelde pryse gesluit het en deur die loop van die dag bo die \$4/skepel verhandel het. Die mark het egter na die einde van die sessie bietjie teruggesak om net onder die \$4 te sluit. Die warm weer wat vir later die week en volgende week voorspel word sal negatief wees vir die bestuwing met groot gedeeltes van die mielies wat in die bestuwingstydperk in beweging. Die produksiekondisies is reeds heelwat laer as verlede jaar teen dieselfde tyd van die seisoen en was Maandag afwaarts aangepas vanaf verlede week. Die kondisies in state soos Nebraska asook Noord Dakota het ook heelwat probleme ervaar met die produksiekondisies en was ook heelwat laer aangepas in Maandag se verslag. Die weersvoorsigte in die VSA sal fyn dopgehou word die volgende paar weke met warmer en droër weer wat voorspel word, terwyl daar eintlik koeler en meer humiede weerstoestand benodig word gedurende die bestuwingstydperk. Indien die ongunstige weerstoestand voortduur kan dit verdere ondersteuning bied aan die Amerikaanse mark en die mark sal volatiel bly gedurende die volgende paar weke. Die verwagtinge vir die weeklikse uitvoerverslag is dat die weeklikse uitvoere min of meer dieselfde behoort te wees as verlede week se uitvoersyfers. Plaaslik: Die plaaslike mielie mark het gister byna onveranderd afgesluit met meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmielies wat effens laer tot onveranderd afgesluit het. Die mark het gister onder druk gekom en het redelik stadig verhandel met klein prysbewegings wat in die mark gesien was nadat die mark Dinsdag goeie ondersteuning gevind het. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag is die WM lewerings vir die week op 724 396 ton en die YM lewerings vir die week op 365 842 ton gerapporteer. Die totale lewerings sedert begin Mei is 10.56 miljoen ton.</p> <p>Sojabone: Die hittegolwe wat verwag word in groot gedeeltes van die VSA het ook die sojaboonpryse ondersteun en die mark het vir die tweede agtereenvolgende dag sterker afgesluit. Die Augustus sowel as November kontrakte het die dag bo die meeste belangrike bewegende gemiddelde pryse afgesluit. Die handelaars hou die weer fyn dop en met die warm weer wat hoofsaaklik vir die naweek voorspel word en maontlik probleme kan veroorsaak met die produksiekondisies. Die weersvoorsigte bied sterk ondersteuning aan die sojaboonmark en die mark het met dubbelsyfers toegeneem. In die ander internasionale oliesade konteks het die Kanadese canola pryse effens teruggesak met die Kanadese wisselkoers wat versterk het. Die Europese raapsaadmark het gister teen ongeveer 'n twee weke laagtepunt gesluit. In Indië het die sojaboonmark ook effens laer afgesluit met die goeie weerstoestand wat voordelig vir die produksie is. Die weer in die VSA sal steeds die grootste faktor wees wat dopgehou word in die internasionale markte met die huidige sojaboon produksiekondisie wat op 61% goed tot uitstekend geskat word. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel, maar daar was nie groot prysbewegings gesien in hierdie mark nie. Die nuutste SAGIS maandelikse syfers word volgende week bekend gemaak en dit sal die verwerkingstempo van die sojabone mooi ten toon stel.</p> <p>Koring: Die lentekoring het vir die eerste keer in 4 dae onder druk gekom en effens laer verhandel. Die druk op die mark was hoofsaaklik as gevolg van reën wat voorspel word waar lentekoring geproduseer word in die Dakota's. Dit sal voordelig wees vir die produksiekondisies wat tans op 34% goed tot uitstekend gerapporteer word. Die winterkoring strooproses is byna voltooi in die meer suidelike gedeeltes, met goeie opbrengste van HRW koring wat gerapporteer word. In die ander internasionale markte het die Europese koring ook gister laer verhandel en het laer afgesluit as gevolg van die beperkte vraag, veral aan die voerkoring kant. Plaaslik: Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker afgesluit. Daar was nie groot prysbewegings in die mark gesien gister nie en die handelingsaktiwiteit was relatief stadig gewees. Die situasie in die Weskaap word steeds dopgehou en daar het al reën in sommige gedeeltes geval terwyl ander gedeeltes steeds heelwat reën kort. In gister se weeklikse SAGIS produsente leweringsverslag was die weeklikse lewerings op 1 303 ton gerapporteer en die totale lewerings vir die seisoen staan op 1.9 miljoen ton.</p>											
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Michelle Mokone & Luan Van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek</p>											

